2 Korintiërs 1:4

In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer.

Almal dink en weet eintlik dat Judas die slegste ou in die Boek is omdat hy Jesus verraai het. Maar ek het 'n probleem. Ek wil dit nou saggies sê want dit gaan nou oor my. Sien, ek het al baie dinge gedoen en dan weet ek voor my siel dis verkeerd, maar dan gaan ek aan. Wil myself skop na die tyd maar dan is dit te laat. Nou's die probleem dat as Judas goed bedoel het met sy slegte ding en ek bedoel sleg met my minder slegte dinge, dan kom hy steeds skoner anderkant uit as ek.

Here, ek's 'n slegter ou as Judas. Vergewe my asseblief!

– Louis Brittz

2 Timoteus 2:23

Moet jou nie met dwase en sinlose strydvrae inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak.

'n Argument wat in 'n rusie verander is soos 'n vrug wat verrot. 'n Vrug kan egter ook voed en lewe bring. Gegrond in ons Godswaarde kan ons die vrot, die negatiewe, uit argumente verdryf deur rustig na ander se sienings te luister. As ons minder op ons eie opvattings fokus en regtig luister wanneer ander praat, sal misverstande wat tot argumente lei ook uitgeskakel word. Luister om regtig te hoor.

Vader, gee dat my luister met nederigheid en my woorde met liefde gevul sal wees. Vestig nederigheid in my sodat ek ander sonder vrees en arrogansie kan dien. Amen.

– Antoon de Klerk